

6 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 18:9-43
Fokusgedeelte: Lukas 18:11,13

Die maatstaf: God se liefde en genade

Hier het ons te doen met 'n besondere en bekende gedeelte in die Bybel. Die Fariseër bid: "ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie..." Die tollenaar bid ook: "O God, wees my, sondaar, genadig". Let daarop dat dit nié in die gedeelte gaan oor die slegte Fariseër en die goeie tollenaar nie, maar wel oor die verkeerde beoordeling van ander. So maklik dink die mens dat sy saak met God reg is ... dis die ander wat verkeerd is. Die maatstaf is nooit: ek en jy teenoor mekaar nie, maar God alleen is die maatstaf. Die Fariseër meet homself aan die tollenaar – dis verkeerd. Die tollenaar meet hom egter aan God – dis reg! Paulus sê in Romeine 3: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie". Ons maatstaf is dus die regverdige, liefdevolle en genadige God en niks meer nie. Dis soos die kindertjies (verse 15 tot 17) wat juis in hulle eenvoud en nederigheid na God soek. Ja, dit is nie soos die ryk jongman wat in wetsonderhouding regverdiging soek nie (verse 18 tot 30), maar soos die blinde man wat maar net uitroep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my!" (vers 38). Dit is die maatstaf: God se liefde en genade. Dit is ook die enigste maatstaf wat die toets van tyd en ewigheid kan deurstaan. Soek daarom in jou lewe en in jou gebede die genadevolle aangesig van 'n liefdevolle en barmhartige God op. Hy sal jou ook vandag genadig wees!

Sing: Skrifberyming 43:2,6

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)